

# Die direkte rede en leestekengebruik

Die direkte rede verwys na die **presiese woorde** van die spreker of die skrywer. Dit word normaalweg tussen dubbelaanhalingstekens geplaas, en voor dit word 'n vertellersteks gebruik, byvoorbeeld *Veronica roep: "Waar is jy, Vernon?"*. Daar is natuurlik verskillende maniere om die direkte rede aan te dui, en in elke geval moet die leestekens korrek gebruik word.

1. Die direkte rede kan **alleen gebruik word**. In so 'n geval is die slotaanhalingstekens nie jou slotleesteken nie. Jy moet 'n slotleesteken, soos 'n punt of 'n vraagteken, invoeg.

**Byvoorbeeld**:

- *"Het jy goed geslaap"*
- *"Het jy goed geslaap?"*

2. Die vertellersteks (onderstreep) kan partykeer ná die direkte rede staan. Hierdie vertellersteks begin met 'n kleinletter. In so 'n geval moet die direkte rede met 'n komma afgesluit word, maar jy kan ook die komma vervang met 'n ander leesteken.

**Byvoorbeeld**:

- *"Ek dink ons moet vanaand almal in dieselfde boom slaap," stel Herman voor.* (Die direkte rede word met 'n komma afgesluit.)
- *"Vernon! Vernon!" roep sy.* ('n Uitroepteken word gebruik.)

3. Die direkte rede hoef nie volledig uitgeskryf te word nie. Jy kan dit onderbreek met ’n vertellersteks. Lees die volgende sin:

- *“Ag,” sê Cornelia, “wat is nou so wonderlik daaraan?”*

**Wat het hier gebeur?**

💡Die direkte rede (*“Ag, wat is nou so wonderlik daaraan?”*) word deur die vertellersteks (*sê Cornelia*) onderbreek.
💡Die eerste deel van die direkte rede (*“Ag ...”*) word met ’n komma afgesluit.
💡Die vertellersteks daarna begin met my ’n kleinletter.
💡Die vertellersteks word afgesluit met ’n komma.
💡Die tweede deel van die direkte rede (*“... wat is nou so wonderlik daaraan”*) begin met ’n kleinletter, en dit word afgesluit met ’n leesteken wat voor die slotaanhalingstekens staan.



4. Indien die direkte rede ná die vertellersteks gebruik word en albei het eintlik hulle eie leestekens (sien kolpunt 1), word net die leesteken van die direkte rede voor die slotaanhalingstekens gebruik.

**Byvoorbeeld:**

- *Hans sprei sy nekvere en skel. "Jy's verpiep, Parsons!"*
- *Hans sprei sy nekvere en skel: "Jy's verpiep, Parsons.!"*
- *Hans sprei sy nekvere en skel: "Jy's verpiep, Parsons!"*

5. Indien die direkte rede eindig op 'n ellipsteken (...), en daardie ellipsteken word gevolg deur 'n leesteken, word die leesteken teenaan die ellipsteken geskryf.



**Byvoorbeeld:**

- *"Pikêk ...," antwoord Cornelia en lig haar ken.*

6. Wanneer jy iets dink, word hierdie direkte woorde nie tussen aanhalingstekens geplaas nie, en dit word van die vertellerteks daarna met 'n komma geskei.

**Byvoorbeeld:**

- *Gits, dink sy.*
- *Gits, dink sy, ek moet aan Liesbet skryf.*

Wanneer jou gedagtes in die vorm van 'n vraag is of vir ons wys iets word uitgeroep, kan hierdie sin op twee maniere geskryf word:

- Wat is so vreeslik daaraan? wonder sy.
- Wat is so vreeslik daaraan, wonder sy.

**Bron: 2017-AWS (hoofstuk 13)**

# Wanneer word die direkte/indirekte rede gebruik?

| | |
|---|---|
| Die direkte rede is iemand se presiese woorde in gesproke of geskrewe kommunikasie. | Die indirekte rede is die rapporteerder se interpretasie van iemand se woorde. Dit rapporteer slegs iemand se woorde. |
| Omdat iemand se presiese woorde gebruik word, is die direkte rede persoonliker en meer onmiddellik. | Omdat die indirekte rede nie iemand se presiese woorde is nie, die indirekte rede meer verwyderd en minder persoonlik. |
| Dit word ook gebruik wanneer die skrywer groter lewendigheid en dramatiese krag aan die vertelling wil verleen. | Die gebruik van die indirekte rede kan die kleur van ’n vertelling verflou. |
| Dit voorkom dubbelsinnigheid. | |

**Bron: Van Schoor (1983)**

# Wanneer word die direkte/indirekte rede gebruik?

Hoe **verflou** die **indirekte rede** ’n vertelling? Lees die volgende twee sinne waarvan die eerste voorbeeld in die indirekte rede is en die tweede in die direkte rede.

- *Stofberg lyk effens verbaas. Na ’n rukkie se hy aan sy hoof dat hy nie van so ’n lêer weet nie. Die sekretaris frons. Hy stel dit aan Stofberg dat hy miskien daarvan vergeet het; dis ’n maand vantevore na hom toe gestuur.*
- *Stofberg lyk effens verbaas. “Ek weet nie van so ’n lêer nie, meneer,” sê hy na ’n rukkie. Die sekretaris frons. “Miskien het u vergeet – dis ’n maand gelede na u toe gestuur.”*

Wat is ’n voorbeeld van die direkte rede wat dubbelsinnigheid voorkom? Vergelyk die **dubbelsinnige indirekte rede** (die eerste voorbeeld) met die kombinasie van die indirekte rede met die direkte rede (tweede voorbeeld) om dubbelsinnigheid te voorkom.

- *Volgens die ontvangspersoon by die casino het meneer Ashton gesê die jong vrou met die uitlokkende laehalsrok by hom is sy vrou.* [Wie sê sy het die laehalsrok aan: meneer Ashton of die ontvangspersoon?]
- *Die ontvangspersoon by die casino het gesê dat meneer Ashton die jong vrou as sy eggenote voorgestel het. Die casionowerknemer het bygevoeg: Sy het nogal ’n uitlokkende laehalsrok aangehad.”*

**Bron: Van Schoor (1983)**